FUNKSIEKOMITEE

Lidmate met die gawe van gasvryheid bedien ander en reël en organiseer funksies, soos en wanneer deur die kerkraad versoek. .

Kontak: **Engela Saayman –** 076 155 2725

KERMISKOMITEE

Beplan, reël en orgainiseer die jaarlikse kermis..

Kontak: **Marna van Zyl –** 082 923 1711

Aksie: EREDIENSBEDIENING

Diensbeurte vóór, tydens en ná afloop van die erediens wat verband hou met die verwelkoming van kerkgangers en die opneem en tel van kollektes. Berei ook voor vir Nagmaal.

Kontak: **Frieda Nezar** - 072 498 2294

Aksie: NUWE INTREKKERS

Ons maak ons harte en arms wyd oop om nuwe mense te ontvang en te verwelkom in 'n nuwe en onbekende omgewing.

Kontak: **Etienne en Anneke van Niekerk –** 082 800 0440

Aksie: VERWELKOMING

Die doel van die bediening is om almal wat die dienste Sondae bywoon by die deur te verwelkom. Almal is welkom.

Kontak: **Tonny Griesel** - 082 558 4419

Aksie: BLOMMEBEDIENING

Deur **blomme** skep ons 'n spasie van aanbidding en verwelkoming op 'n Sondag.

Kontak: **Joey Fourie** – 082 968 0620

Aksie: KERKKOOR

Oefen elke Donderdag om 16:30 in die kerk. Nuwe stemme is altyd welkom!

Kontak: **Hester Krige** - 083 417 4002

Aksie: GEBEDSBEDIENING

Verskeie geleenthede om saam te bid vind weekliks plaas soos aangedui op die aankondigings.

Kontak: **Piet Verwey –** 082 820 6227

Aksie: KRUISKRINGE

Kruiskringe is een van die voertuie vir die uitbreiding van God se Koningkryk in ons gemeente. God het ons ontwerp om geestelik te groei binne 'n gemeenskap wat ons ondersteun en waar beleef 'n mens dit meer intens as in kruiskringe? **Kruiskringe bestaan uit 3 groeperinge**:

DISSIPELSKAP	Die grootste groepering is kringe wat besig is met die **DISSIPELSKAPREIS** van Deon Loots.
HUISKRINGE	Kringe wat ander materiaal gebruik wat in samewerking met Ds. Chris gekies is.
BYBELSTUDIE	Bybelstudie groep wat suiwer Bybelstudie doen.

Kontak: **Hein Knoetse –** 072 270 1837

Aksie: SIEKEBEDIENING

Vrywilligers help om siekes te besoek en prakties te ondersteun.

Kontak: **Ria van Eeden** - 082 558 4419

Aksie: KLANK & BEELD

Die rekenaar wat die beeld na die projektor en skerms beheer moet dus met elke diens en funksie beman word.

Kontak: **De Wet Oosthuizen –** 082 751 2718

Aksie: MUSIEKGROEP

Ons maak nie net musiek nie, dis vir ons 'n bediening in die Here se Naam..

Kontak: **Zita Smidt** – 072 132 5343

Aksie: SKAKEL & KOMMUNIKASIE

Administratiewe take, skakeling met leraars, diensgroepe aksies en gemeentelede. Reklame en advertensies en byhou van dokmentasie.

Kontak: **Johan & Paula Swart** - 072 836 1276

NG KERK REEBOK

Waar elke lidmaat deel is van die lewende liggaam van Christus

INLIGTINGGIDS

"Jaag die liefde na, en streef na die gawes van die Gees, veral om te profeteer."
1 Korinthiërs 14:1

Kom vind jou tuiste en word deel van die lewende liggaam van Christus!

GEMEENTE-VISIE

Die gemeente se visie is: ***Elke lidmaat is deel van van die lewende liggaam van Christus***
Ons glo dat elke gelowige ‘’n gawe(s) van die Heilige Gees ontvang het om dienend ’n verskil te maak tot die welwese van die liggaam van Christus en tot sy eer!

HOE LYK DIE GEMEENTE?

Geografies bestaan die gemeente uit die volgende woongebiede: Klein-Brakrivier, Fraai-Uitsig, Reebok en Tergniet. Daar is etlike lidmate wat buite die grense van die gemeente woonagtig is. Daar is 12 blokke in die Gemeente met min of meer 5 wyke in elke blok.

EREDIENSTE

Erediens vind regdeur die jaar om 9:00 plaas. Gedurende die Desember skoolvakansie vind daar ook in die Strooidakkerk te Kleinbrak, dienste plaas soos aangedui op die vakansieprogam..

VIR DIE KINDERS

Kinderkerk word vir al die kinders onder 8 jaar in die kinderkerklokaal aangebied. Dit vind elke Sondag, wanneer daar kategese is, plaas tydens die erediens. –
Charlene Lamprecht – 082 438 9200
Kategese: Graad 1-6 kinders verdaag na die kinderoomblik tydens die erediens na die gemeentesentrum vir kategese..
Jongmense van Graad 7 tot 11 vind in die gemeentesentrum om 17:00 plaas.

PERSONEEL

Ds Gerhard van Dyk is verantwoordelik vir die pastorale werk in Fraai-Uitsig, Klein-Brakrivier en die Buitewyk. Sy selfoonnommer is **082 375 2944.**

Ds Chris De Wet is verantwoordelik vir die pastorale werk in Reebok. Sy telefoonnommer is **044 696 5628 / 083 631 9383**

Dr Kobus van Zyl is ‘n deeltydse leraar met opdrag, “Missionêre Gebedsbediening in Afrika”. Hy is verantwoordelik vir die pastorale werk inTergniet. Sy kontaknommer is **061 422 5881.**

Ons skriba is **Martina van den Berg**.
Sy is Maandae 10:00—12:00, Woensdae en Vrydae 08:00—12:00 beskikbaar in die kerkkantoor.
Die telefoonnommer is 044 696 6685.

Jurg Oosthuizen
Koster
082 788 9707

Hester Krige
Orrelis
083 417 4002

DIENSGROEPE

DIENSGROEP DIENSVERHOUDINGE

Om sake rakende werksverhoudinge, dienskontrakte, vergoeding, voordele en rekorts te kontroleer sodat dienslewering van betaalde amptenare vlot verloop.

Kontak: **Ben Brink -** 082 057 6100

DIENSGROEP FINANSIES & ADMIN

Om hulpbronne daar te stel en te bestuur sodat die gemeente in staat gestel word om sy rol te vervul en take uit te voer. Die Argief val ook onder hierdie diensgroep.

Kontak: Bertie Venter - 083 281 7320

DIENSGROEP EIENDOMME

Die diensgroep sien doeltreffend moontlik om na alle roerende en onroerende eiendomme van die gemeente. Sien met sorg ook om na die kerkgebou, pastorie, gemeente-sentrum en strooidakkerk in Klein-Brakrivier.

Kontak: vakant

DIENSGROEP GETUIENIS

Ons doel is om die aksies na buite vir die gemeente te stimuleer, ondersteun en befonds, sodat Jesus se GROOT opdrag van Matteus 28:19, meer gestalte sal kry deur die Woord van God na alle mense uit te dra. In hierdie bediening lê die klem op dissipelmaking.

Kontak: **George Nezar –** 083 419 4332

DIENSGROEP JEUG

Die jeug van alle ouderdomme maak ‘n wesenlike deel van die gemeente en sy bediening uit. Ons wil in samewerking met ouers en kinders, hulle begelei tot ‘n dieper verhouding met God, hulle toe te rus om te dien in die Kerk van Christus en hulle uit te stuur om Christus met die wêreld te deel.

Kontak: **Des Sinclair** - 083 454 3269

DIENSGROEP BARMHARTIGHEID

Ons ondersteun individuele persone en ge-sinne asook instansies **binne** en **buite** ons gemeentegrense waar daar behoefte bestaan aan onder andere voedsel, klere,
vertroosting, bemoediging en om gekoester te word, deur middel van verskeie projekte.

Kontak: **Delia Du Plessis –** 072 659 1936

DIENSGROEP GEMEENTEBEDIENING

Hou toesig oor en bestuur die ryke en veelkleurigheid van al die **aksies/bedieninge** in die gemeente, sodat dit tot die opbou van die liggaam van Christus en tot sy lof en eer sal strek. .

Kontak: **Etienne van Niekerk** - 082 800 0440

AkSIEROEPE

Aksie: VROUEBEDIENING

Die Vrouebediening wil ‘n veilige ruimte skep vir die vroue, waar elke vrou kan floreer en hulle talente en gawes kan uitleef. Ook om mekaar te bemoedig en saam te bid.

Kontak: **Hanlie Basset** – 082 721 7624

Aksie: MANNEBEDIENING

Die doel van die ***mannebediening*** is om ander manne te ontmoet, lekker saam te kuier en geestelik te groei.

Kontak: **Hein Knoetse** – 072 270 1837